Leraars: Ds Hennie West, Ds Braam Smith
H/v Mimosastraat & Wag-'n-Bietjiestraat
Posbus 2044
Wilropark, 1731
ngwilge@mweb.co.za
+27(11) 764 2000

Wilgespruit Getuienis nuus

Ons is bevoorreg en dankbaar om ons gemeentelede en lesers op hoogte te hou van Getuienisbediening se betrokkenheid binne Wilgespruit gemeente asook sendelinge wat tans ondersteun word.

Wilgespruitgemeente het sedert ons laaste nuusbrief verskeie sendinggerigte projekte finansieël ondersteun d.m.v donasies en borge naamlik:

- Borg selgroepe gedeeltelik om broodjies op 'n weeklikse basis te voorsien aan Dr. Havenga skool.
- Donasies vir die aankoop van Bybels om sendingorganisasies (Harvesters Ministries en Frontline Fellowship) in staat te stel om Bybelverspreiding in Afrika lande en tydens ons eie gemeente uitreike moontlik te maak.
- Donasies vir Geopende Deure en SAAWE wat tydens Getuienisweek by ons gemeente opgetree het. Twee uitreike wat geloods was deur House of Praise Ministries: HOP Community family gala outreach en HOP outdoor outreach.
- Borg gemeente uitreike: Toerustingsgeleentheid – Dissipelmakers en Vroue oggend.

Getuienisbediening se betrokkenheid in Wilgespruit gemeente:

- Bly steeds gereeld in kontak met sendelinge om hulle te bemoedig in hul werksaamhede.
- Voorsien Cradle of Hope en Tower of Life met Christelike literatuur - Challenge koerante op 'n twee maandelikse basis.
- Voorsien Christelike literatuur en Bybels en bring op Woensdae 'n boodskap aan straat mense tydens broodjiebediening in samewerking met Barmhartigheidsbediening.
- Neem hande met ander bedieninge om sendinggerigte projekte te borg indien nodig.
- Borg kinders wat nie finansieël daartoe in staat is om Jeug kampe by te woon nie; die kampe is sendinggerig en ons wil die nuwe generasie aanspoor om ligdraers van die evangelie te wees.

Uitnodiging!!!!

Ons glo dat dit deel is van ons roeping om ons gemeenskap te dien daar waar ons kan, net soos Jesus ander gedien het. Ons benodig dringend jul insette en voorstelle om uitreike te identifiseer. Jy kan betrokke raak soos die Here jou lei of jy kan ons net kontak deur 'n e-pos te stuur aan Hans en Raylene - Kleynhjf@telkomsa.net. Ons sal behoeftebepaling doen en uitreike beplan volgens jul insette.

Bid asb vir die Getuienisbediening dat ons gefokus sal bly in ons roeping om Dissipelmakers te wees en die Goeie Nuus in 'n gebroke wêreld te versprei.

SENDINGNUUS

Jacob en Teresa Chassanda; NG Leraar Gondola Mosambiek

Deur die Here se genade gaan dit goed met Ds. Jacob en Teresa Chassanda se welstand. Ds. Jacob besoek die satelietgemeentes gereeld om lidmate en leiers te bemoedig. Ons is die Here dankbaar dat plaaslike inwoners in die vyf satelliet gemeentes steeds die Goeie Nuus vrylik ontvang en leiers as dissipels opgelei word om meelewend te wees. Ds. Jacob bied gereeld seminare aan in die vyf satelliet gemeentes om gemeentelede toe te rus en aan te moedig om op die Here te vertrou om aan hul behoeftes te voorsien.

Bid asb dat Ds. Jacob steeds die satelliet gemeentes kan besoek ten spyte van rowwe terreine wat hulle daagliks moet aandurf.

Ds. Jacob en gemeente lede is tans besig om 'n kerk vir die Amatongas (straatsmouse) wat op die Beira deurpad handel dryf te bou. Dit gaan maar moeilik om fondse bymekaar te maak om materiaal aan te koop en bou werk vorder stadig. Die Amatongas word daagliks blootgestel aan gevaar terwyl hulle handel dryf met bestuurders van duisende trokke wat die deurgangs roete gebruik. Bid vir die Amatongas dat die Here hulle veilig sal bewaar, hulle 'n oorgawe sal maak en dat hulle die Here as hul Saligmaker en Verlosser tydens eredienste sal aanneem.

Kobus en Cora Viljoen: Child Evangelism Fellowship

Ná 'n dolle week van hospitaal, toetse, skanderings, teater en nog wat, is op 9 Mei bevestig dat (Cora) kanker het. Net daar waar die maag, pankreas, galbuis en dunderm bymekaar kom, groei 'n kwaadaardige gewas. Bid asb saam dat Cora en gesin absolute vrede sal hê oor die besluit om die tweede week in Julie geopereer te word.

Vanaf 24 Maart was Kobus en Cora by Lente-land, CEF se opleiding Sentrum buite Vereeniging. 21 studente uit 7 verskillende lande het die 12 weke Kinderbedieningskursus voltooi. Die dosente wat daardie week klas gegee het, het ook uit 3 verskillende lande gekom. Ons is saam opgewonde oor die 21 mense wat terug gaan na hulle onderskeie lande

Wilgespruit
GEWORTEL, GROEI & LEWE

Leraars: Ds Hennie West, Ds Braam Smith
H/v Mimosastraat & Wag-'n-Bietjiestraat
Posbus 2044
Wilropark, 1731
ngwilge@mweb.co.za
+27(11) 764 2000

en toegerus is om die Goeie Nuus van Jesus met die kinders te deel, maar wat ook ander mense kan oplei om met Goeie Nuus klubs te begin. Doen asb voorbidding vir hulle pad vorentoe.

Kobus se CEF literatuur-werk is tans baie besig, want baie vertalings moet geredigeer word, bestellings moet van die 16 lande gekry en verwerk word.

Finansieël verg dit baie om CEF se kantoor aan die gang te hou met Wi-Fi, data, kopieërmasjien huur, – ink en papier en die Indesign-rekenaarprogam waarop hulle werk, asook die telefoon kostes wat styg. Bid asseblief saam dat die Here ook fondse op die regte tyd sal voorsien vir Kobus om die ander lande te gaan besoek.

Peter Hlokwa: House of Praise

HOP provides bread and reaching out to guys waiting for job opportunities on the street in Krugersdorp North (Outside NG Kerk Krugersdorp North premise), Cnr Viljoen and 3rd street. The group has grown from13 to 36 guys to hear the good news about Christ. Many gave their lives to Jesus and HOP had our first guy responding to our Wednesday bible study and Sunday service thus far. Please continue to pray and encourage those living in and around Munsieville to respond to our HOP Sunday services.

The 2nd of March HOP hosted a community family gala outreach event focused on building families and was held at the Community Hall. HOP invited families (couples) in our community to address key challenges in our community in terms of drugs, alcohol abuse, burglaries, etc.

The second outreach was an outdoor evangelical outreach in the community (Open Air). HOP had Live Worship, 20min teaching on Salvation message, gave people an opportunity to give their lives to Christ and pray for people with different needs. 28 people gave their lives to Jesus and 11 of these have become members of our church.

God is daily at work and it's a privilege to witness Him in our lives. All the glory to Jesus.

Paul Hattingh: New Beginnings Ministry

Paul bedien tans drie afdelings in Krugersdorp gevangenis nl.: Ongevonnisde jeug, gevonnisde mans en ongevonnisde volwasse mans. Dit is verblydend om te beleef hoe gevangenes gretig is om te leer en te groei.

'n Gevangene van Krugersdorp wat in Zimbabwe gevestig is na sy vrylating in 2024 het Paul gekontak en sy dank betuig vir die rol wat Paul in sy lewe bygedra het. Die gevangene dien nou as 'n voorsitter van die Alpha bediening in die provinsie van Matabeleland wat ook tronk bediening insluit. Die eks-gevangene het 'n gesin begin wat die Here vurig dien. Dankie vir die voorbidding in Paul se bediening.

Finansiële Bydraes

Die bestuur van Getuienisbediening betuig hul opregte dank aan elke donateur wat finansieël bydra tot sendinggerigtheid, deur getrou hul Geloofsofferbelofte na te kom. U gehoorsaam daardeur Jesus se Groot Opdrag (Handelinge 1: 8), en word mede werkers aan die uitdra van die Evangelie. Die Sendelinge is afhanklik van borge en vir u gebede en ondersteuning. Daarsonder sal die verkondiging van die Evangelie en sendingwerksaamhede wêreldwyd onmoontlik wees. Die Getuienisbediening wil u as lidmaat wat nog nie die geloofsofferbelofteprogram ondersteun nie, uitnooi en aanmoedig om deelname hierin te hê. Dankie dat u die Getuienisbediening daarmee vertrou en weet dat ons net in afhanklikheid van God alleen hierdie taak aanpak! Mag dit u ook in u geloofs lewe versterk en bemoedig om 'n getuie te wees daar waar God reeds besig is.

Beste Wense

Hans Kleynhans

Voorsitter: Getuienisbediening

2024/06/09

Kontakbesonderhede (Hans) 081 355 1027 of (Raylene) 083 577 7995